Posbus 500, Florida Hills, 1716
E-pos: florries@iafrica.com

Tel: 672-5345/6
Faks: 672-5246

12 Oktober 2011

Geagte Ouers / Voogde

SKOOLGELD 2012

Baie dankie aan al die ouers wat Maandagaand 10 Oktober 2011 se begrotingsvergadering bygewoon het. Die volgende besluite is geneem:

1. **SKOOLGELD VIR 2012**

1.1 **EENMALIGE VOLLE BETALING**

	1STE KIND	2DE KIND	3DE KIND
EERSTE PAAIEMENT @ 18/01/2012	R 1 950.00	R 1 950.00	R1 950.00
SKOOLGELD @ 28/02/2012	R10 800.00	R 9 720.00	R 9 720.00
TOTAAL:	**R 12 750.00**	**R11 670.00**	**R11 670.00**

1.2 **MAANDELIKSE BETALINGS**

	1STE KIND	2DE KIND	3DE KIND
EERSTE PAAIEMENT @ 18/01/2012	R 1 950.00	R 1 950.00	R1 950.00
SKOOLGELD (10 X R1 200 / R1 080): Feb - Nov	R12 000.00	R10 800.00	R10 800.00
TOTAAL	**R13 950.00**	**R12 750.00**	**R12 750.00**

2. **REGISTRASIE / INSKRYWING VAN LEERDERS:**

Die registrasie van alle leerders (Graad 8 – 12) vir 2012 moet plaasvind voor Vrydag **4 November 2011**. U of u kind bring die volledig ingevulde Onderneming en Gesinsbesonderhede skool toe waar die inskrywing gekontroleer sal word. Indien u kind nie inskryf en registreer nie, sal aanvaar word dat u kind nie deel is van 2012 se inskrywing nie. Vir administratiewe doeleindes sal ons dit hoog op prys stel indien u die betaling van **R1 950** (eerste paaiement) nog **binne hierdie** jaar kan afhandel. By voorbaat dankie aan die ouers wat hieraan gehoor gee. Ons versoek dat **alle uitstaande rekeninge** tot op datum betaal is, of ten volle vereffen word of reëlings in plek is, ten einde komplikasies en moontlike verleentheid by registrasie te voorkom.

3. **EERSTE PAAIEMENT:**

Ingesluit in die skoolgeld is die verskaffing van alle handboeke, skrifte en 'n werksplan. U moet daarop let dat **R1 950** eerste paaiement as voorvereiste dien alvorens 'n leerder sy / haar boeke sal ontvang. 'n Gratis jaarblad word ook voorsien aan elke gesin wie se skoolgeld ten volle betaal is.

Geborg deur: PnA skryfbehoeftes, Flora Sentrum

4. **VERVOER:**

Vervoer van leerders vir amptelike skoolfunksies binne 'n radius van 60 km, sal gratis wees. Die vervoerkoste van leerders buite hierdie radius sal van leerders verhaal word. Toergroepe moet steeds soos in die verlede self bydra vir hulle vervoerkoste.

5. **HEFFING OP VAKKE:**

- Geen heffings op enige vak nie.
- Kuns se noodsaaklike verbruikbare voorraad (± R400 – R600 p.j.) word nie verskaf nie. Leerders moet hul eie voorraad soos benodig, aankoop. Doen navraag by die kuns-onderwyseres, mev. Ansa Steenkamp, indien u enige navrae het.
- Skryfbehoeftes, sakrekenaars, tekenborde ens. word nie verskaf nie.
- Die aankoop van die uniform vir Gasvryheidstudies is vir u rekening.

6. **EKSTRA VAKKE:**

Die koste van ekstra vakke is **R150 per kwartaal per vak.** Hierdie koste geld nie vir addisionele Wiskunde en Musiekvakke nie.

7. **BEGROTING:**

'n Volledige begroting is beskikbaar by die kantoor ter insae vir die ouers. Indien u enige navrae het, kan u met die kantoor skakel.

Vriendelike groete

MS SCHUTTE
HOOF